Oordenking.
19 Mei 2010.

Pinkster: Wees 'n getuie waar jy bly – en tot aan die eindes van die aarde!
*Hand 1: 8 - Julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en **julle sal my getuies wees** in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld.*

Hoe doen mens dit?
Eerstens, word krag aan ons belowe. Dit is die krag of vermoë wat ons ontvang as ons deur die Gees vernuwe word. Die primêre bediening van die Heilige Gees aan ons is om ons na Jesus toe te bring en ons meer soos Hy is, te maak. Wanneer ons na ander uitreik sal die Gees ook in hulle werk en hulle honger maak vir die Woord en beloftes van die Here. En die Gees werk ook in ons, sodat ons lewens meer aantreklik sal wees vir beide God en vir die wêreld. Hy gee ons die woorde wat ons moet sê en help as om die vurige lewens te lei wat bevestig wat ons sê.

Tweedens, word ons geroep om getuies te wees. 'n Getuie vertel van wat hy gesien, gehoor en ervaar het. Ons kan nie oor die Koninkryk van God getuig, as ons nie daarin leef en bestaan nie. Mens kan nie vir ander gee, wat jy nie self het nie. Maar as ek persoonlike kennis het van wat dit beteken om deel van God se familie te wees en ek is seker dat ek 'n kind van God is, dan is dit vir my maklik om so te leef dat wat ek sê en doen getuienis daarvan gee dat God in my werk. Omdat ek God se liefde ervaar, kan ek ander liefhê. Wanneer ek God se vrygewigheid beleef, is ek in staat om ook vir ander te gee.

Derdens, ons getuienis beweeg in sirkels wat steeds wyer uitkring. Die dissipels het begin om in Jerusalem, waar hulle gebly het, te getuig. Daar het baie mense hulle persoonlik geken.
Dis ook baie keer die moeilikste stap om te neem.
Wanneer ons oor ons verhouding met Christus praat, word ons opregtheid fyn deur die mense naaste aan ons getoets, want dis die mense wat ons persoonlik en van naby ken en hulle sal weet of ons maar net maak of ons kinders van die Here is, of nie.
Net wanneer die mense naaste aan ons weet en aanvaar dat ons geloofwaardige getuies is, kan ons uitbeweeg in die wêreld en verder gaan as ons geografiese, sosiale en kulturele kring, om op so 'n manier die goeie nuus van God te verteenwoordig dat ons nie vir die Here 'n verleentheid is nie.

Is ons dalk skuldig daaraan dat ons probeer om Christene te wees sonder om op die krag van die Gees staat te maak?
Deel ons met ander wat ons self ervaar het?
Is ons gewillig om beide in ons binnekring, en oor alle grense heen, ons geloof met ander te deel?